ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JULIE 2020

Hierdie nuusbrief word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep ("HSAG") op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1. DIE WIELE ROL: AANSOEKE VIR TWEE SAAKBESTUURDERS!*

Die HSAG regspan (wat dieselfde regspan is wat die CCAF Versnelde Aansoek bring) het van die eerste moontlike geleentheid gebruik gemaak om hul stem te voeg by die HSAG lede wat gevra het waarom hul aangeleenthede nie as dringend beskou word deur die Suid-Afrikaanse regstelsel nie. Ongelukkig gaan die hele wêreld deur ongekende tye en is die Suid-Afrikaanse regstelsel geen uitsondering nie. Die howe het besluit om eers slegs uiters dringende aangeleenthede aan te hoor tydens die inperkings-periode maar het geleidelik begin om voorsiening te maak vir alternatiewe wyses vir die aanhoor van sake en begin om videokonferensies in sekere gevalle te implementeer.

Alhoewel die HSAG nie enige direkte invloed het op watter aangeleenthede deur die regbank as dringend beskou word nie (en val siviele eise vir kapitale bedrae tradisioneel nie binne hierdie kategorie nie) was twee sterk bewoorde skrywes aan die Waarnemende Adjunkregterpresident van die Hooggeregshof in Pretoria gerig waarin daar versoek is vir ’n saakbestuurder in beide die HS21 en 22 Versnelde Aansoek asook die Artikel 165 Afgeleide Aksie vir onder andere HS15-20 se sake.

Die respondente (Mnr. Nic Georgiou, soos bygestaan deur Mnr. Hans Klopper en ander) staan sentraal in albei HSAG aangeleenthede en het tot dusver alles in hul vermoë gedoen om die sake sover as moontlik te probeer belemmer.

Die HSAG het uit ondervinding geleer dat om aansoek te doen vir ‘n saakbestuurder ongetwyfeld vrugte afwerp. ‘n Saakbestuurder is ’n Regter van die Hooggeregshof en sien toe dat nie een van die partye die hofproses misbruik nie en stel ‘n tydtafel vas waaraan albei partye moet voldoen. Dit verplig albei partye om by die hofdae te hou sonder dat daar verdere aansoeke gedoen moet word om partye te verplig, wat nog etlike maande kan neem. In die Versnelde Aansoek was ’n saakbestuurder van groot waarde.

Die HSAG het in die HS 21 & 22 aangeleentheid reeds ‘n sakebestuurvergadering bekom wat per videokonferensie gehou sal word op 12 Augustus 2020. Hierdie vergadering sal plaasvind tussen die onderskeie regsverteenwoordigers voor haar edele die Agbare Waarnemende Adjunkregterpresident Potterill. Na afloop van hierdie vergadering sal Regter Potterill in alle waarskynlikheid besluit of daar wel ‘n saakbestuurder aan hierdie aangeleentheid toegedeel sal word en watter prosedures gevolg moet word. Die regspan is opgewonde en positief oor die vergadering, maar besef dat die hofrolle oorweldig is met soortgelyke versoeke in hierdie onsekere tye .

Die HSAG regspan het insgelyks in die Art 165 Aansoek (Afgeleide aksie) ook ‘n skrywe gerig aan die Waarnemende Adjunkregterpresident waarin daar versoek word dat hierdie

aangeleentheid ook van ‘n saakbestuurder voorsien sal word. Ons verkeer in afwagting om spoedige terugvoer hierin te ontvang.

OPSOMMING VAN HS 21 & 22 SKRYWE AAN DIE WAARNEMENDE ADJUNKREGTERPRESIDENT OM ‘N SAAKBESTUURDER TE VERSOEK.

***Aangesien hierdie skrywe oorspronklik in Engels geskryf is, volg hierna ’n opsomming. indien u egter die oorspronklike skrywe bewoording wil lees, kan u dit gerus in die Engelse weergawe van die nuusbrief lees**

Daar word in die skrywe versoek dat ’n saakbestuurder in die HS 21 & 22 aangeleentheid aangestel word. Daar word spesifiek melding gemaak dat die Respondente (Georgiou en ander) nog geen opponerende eedsverklaring gelewer het nie en dat dit in lyn is met die vertragingstaktieke waarmee die HSAG al te bekend is in hul litigasie teen hierdie spesifieke Respondente.

Die skrywe maak melding van die redes waarom die HSAG hierdie versoek rig. Hierdie redes is die kompleksiteit van die aangeleentheid, die verwagte duur daarvan, die verwagting van tussentydse dispute en die vertragingstaktieke wat tot nou, en in ander litigasie teen dieselfde Respondente, deur die Respondente gebruik is.

Orthotouch is slegs ’n leë dop wat Georgiou gebruik het om sy doelstellings te bereik. Die skrywe maak spesifieke melding van die Artikel 155 Reëlingskema wat Orthotouch voorgestel het om hul verpligtinge af te water en sodoende die proses te misbruik. Daar word daarby genoem dat Orthotouch dit op ‘n bedrieglike manier gedoen het deurdat hulle nie oop kaarte gespeel het om die hof in te lig dat daar ‘n aansoek teen hulle was wat aantygings van ernstige wangedrag teen verskeie entiteite en individue bevat het nie. Hulle het ook versuim om aan die hof bekend te maak dat die Reëlingskema die aanspreeklikheid van hierdie entiteite en individue sal onthef.

Daar word dan verder geskryf oor die aansoek om die Reëlingskema ter syde te stel en die vertragingstaktieke wat daarmee gepaard gegaan het. Die kwaadwillige en opportunistiese strategieë deur Georgiou is legio. Die hof het in twee aparte uitsprake gemeld dat die strategieë, wat Georgiou gebruik het, ‘n misbruik van hofprosedures was en moes Georgiou in ’n appèlhofsaak bestraffende kostes betaal. Dit was gevolglik aan die Waarnemende Adjunkregterpresident uitgewys dat hierdie strategieë weer verwag kan word (en reeds plaasgevind het) in hierdie aangeleentheid.

Die skrywe gaan dan verder om ‘n paar van die vertragings tegnieke te lys. Hierdie tegnieke behels onder andere die ongegronde beweringe van ongerymdhede (asook die

onsuksesvolle hofaansoeke om die “ongerymdhede” ter syde te stel), die aansoeke tot verlof tot appèl en die daaropvolgende petisies na die Hoë Hof van Appèl, die gekonkel deur Georgiou met die destydse nominale applikante in die klas-aksie litigasie deur vir hulle ongeopenbaarde bedrae te betaal (agter die regspan se rug) in ruil daarvoor dat hulle hul aansoek terugtrek en laastens dat hy, nadat die onreëlmatige terugtrekkings ter syde gestel is, daarteen geappelleer het, maar sy appèl terug getrek het op die dag wat dit aangehoor sou word deur die Hoogste Hof van Appél.

(Alhoewel die regspan hulle nie verwerdig het om dit te noem nie, is dit ook welbekend dat die eertydse HSAG bestuurslid, Helgard Hancke, in die geheim en terwyl hy nog trou aan die HS Beleggers verskuldig was, op Georgiou se betaalrol beland het en intussen miljoene rande ontvang het).

Die HSAG se standpunt is dat die aanstel van ‘n saakbestuurder in hierdie aangeleentheid ongetwyfeld kan bydra dat gemelde tegnieke nie meer gebruik sal kan word nie.

Buiten Covid-19 was die aansoek alreeds op 7 Februarie 2020 uitgereik en beteken, maar het die Respondente steeds geen opponerende eedsverklarings beteken of geliasseer nie. Ten einde ’n herhaling te verhoed was dit by voorbaat onder die Regter se aandag gebring. Die regspan het daarteen besluit om die saak op die ongeopponeerde rol te plaas omdat die geskiedenis gewys het dat hulle bloot tot die laaste dag sal wag en dan by die Hof sal opdaag. ’n Saakbestuurder sal nie toelaat dat dit gebeur nie en word dit duidelik gemaak dat hierdie een van die hoofredes is waarom ‘n saakbestuurder in hierdie aangeleentheid benodig word.

Die laaste punt wat die skrywe maak om die Waarnemende Adjunkregterpresident te oortuig om vir hierdie aangeleentheid ‘n saakbestuurder aan te wys is die bykomende oorwegings. Hierdie bykomende oorwegings sluit in dat dit reiskostes sal bespaar aangesien die HSAG se regspan en advokatuur in die Wes-Kaap werksaam is en die aangeleenthede in Pretoria aangehoor word en ‘n saakbestuurder die gebruik van video-konferensies kan promoveer. Daar word uitdruklik genoem dat die meerderheid van HSAG beleggers bejaarde pensionarisse is en dat verdere vertragings in die litigasie vir hulle bitter ongerieflik sal wees en ook nie in die belang van geregtigheid sal wees nie. Daar word ook genoem dat die aansoek uit 222 bladsye bestaan.

Opsomming van die HS 15 – 22 (afgeleide aksie) skrywe aan die Waarnemende Adjunkregterpresident vir versoek om aanstel van ‘n saakbestuurder

Die HSAG regspan het ook ‘n skrywe aan die Waarnemende Adjunkregterpresident gestuur rakende die afgeleide aksie en versoek ook ‘n saakbestuurder in hierdie aangeleentheid. Die HSAG se regspan het egter nog geen terugvoer ontvang nie.

***Aangesien hierdie skrywe oorspronklik in Engels geskryf is, volg hierna ’n opsomming. indien u egter die oorspronklike skrywe bewoording wil lees, kan u dit gerus in die Engelse weergawe van die nuusbrief lees**

Die skrywe begin deur te verwys dat die HSAG ‘n saakbestuurder versoek met betrekking tot ‘n aansoek om verlof om ‘n klas-aksie in te stel , namens potensieel 18 000 beleggers. Daar word verwys dat die aansoek reeds op 12 Desember 2019 uitgereik is, maar dat geen opponerende eedsverklarings al gelewer is nie. Dit is duidelik in lyn met die geskiedenis van vertragingstaktieke wat deur dieselfde hoof-Respondente gebruik is in ander verwante litigasie teen hulle oor die afgelope 5 jaar.

Die redes wat gegee word vir die aanstel van ‘n saakbestuurder is: die kompleksiteit van die aangeleentheid; die verwagte duur daarvan; die verwagting van tussentydse dispute; en die vertragingstaktieke, en selfs misbruik van die proses, wat tot dusver deur sekere Respondente in verwante litigasie gebruik is.

Daar word genoem dat die aansoek uit 515 bladsye bestaan en ook dat die kompleksiteit gevind kan word deur slegs te kyk na die tipe regshulp wat aangevra word.

Die kompleksiteit van die regshulp aangevra in hierdie aangeleentheid word dan uiteengesit. Daar word eerstens gevra na verlof om ‘n afgeleide aksie te in te stel deur middel van Artikel 165(6) van die Maatskappywet, namens die HS 15 tot 22 maatskappye teen Orthotouch en sekere ander individue wat in die entiteit se sake betrokke was. Die aksie eis vir die terugbetaal van die koopprys (van opgeveer R3 miljard) vir verskeie onroerende eiendomme wat betaalbaar is in terme van ‘n goedgekeurde besigheidsreddingsplan van die Hoëveld Maatskappye.

Tweedens versoek die Applikante in hierdie aangeleentheid die sertifisering van 8 soortgelyke klas-aksies om dan die beleggers in staat stel om die aankoopprys van die Hoëveld maatskappye te bekom (dit is na die koopprys betaal word aan die Hoëveld maatskappye). Derdens versoek die Applikante ook verlof in terme van Artikel 133(1)(b) van die Maatskappywet dat die aangeleentheid mag voortgaan ten spyte van die feit dat Orthotouch en die Hoëveld maatskappye in besigheidsredding geplaas is.

Die skrywe bepaal dat daar in die alternatief tot die bovermelde, en indien daar bevind word dat hierdie eise nie deur die Hoëveld maatskappye afgedwing sal kan word nie, ‘n verklarende bevel aangevra word. Hierdie verklarende bevel sal bepaal dat die individuele Respondente persoonlik aanspreeklik gehou word vir die verliese gely deur die beleggers in terme van die mislukte beleggingskemas en ook vir die terugbetaling van die oorspronklike beleggings in die skemas.

Daar word verder aan die Waarnemende Adjunkregterpresident uitgewys dat daar in hierdie aangeleentheid ‘n Reël 35(12) kennisgewing deur sekere Respondente beteken is. In die kennisgewing het die Respondente dokumente aangevra wat reeds in hul besit is, maklik toeganklik is vir hulle en die onderwerp is van die litigasie. Daar word uitgelig dat die Applikante dus van mening is dat so ‘n Reël 35(12) kennisgewing ‘n voortsetting is van die vertragingstaktieke wat gebruik word deur die Eerste Respondent (Mr Nic Georgiou) en andere in die verwante litigasie teen hulle wat reeds in 2014 begin het, maar waarvan geen van die sake al gefinaliseer of voltooi is nie. Dit is grootliks as gevolg van hul vertragingstaktieke.

Daar word uitgelig dat die hof in twee aparte tussentydse uitsprake gemeld het dat die strategieë, wat Georgiou gebruik het, ‘n misbruik van hofprosedures was. Daar word dus aan die Waarnemende Adjunkregterpresident gestel dat hierdie strategieë weer nie net verwag kan word in hierdie aangeleentheid nie, maar dat dit reeds ervaar word. Daar is byvoorbeeld nog geen opponerende eedsverklaring geliasseer nie alhoewel die aansoek al vir meer as sewe maande gelede uitgereik is.

Daar word uitgewys dat hierdie vertragings, onder andere, die volgende behels: die ongegronde bewerings van ongerymdhede (asook die onsuksesvolle hofaansoeke om hulle ter syde te stel); die aansoeke om verlof tot appèl en die daaropvolgende petisies na die Hoogste Hof van Appèl; die gekonkel deur Georgiou met die destydse nominale applikante in die klas-aksie litigasie deur vir hulle ongeopenbaarde bedrae te betaal (agter die regspan se rug) in ruil daarvoor dat hulle hul aansoek sal terugtrek; en laastens dat hy, nadat die onreëlmatige terugtrekkings ter syde gestel is, daarteen geappelleer het, maar sy appèl terug getrek het op die dag wat dit aangehoor sou word deur die Hoogste Hof van Appèl. Die skrywe noem dus dat die aanstel van ‘n saakbestuurder in hierdie aangeleentheid hopelik sal kan bydra daartoe dat hierdie tegnieke nie meer gebruik sal kan word nie.

Die skrywe gaan verder deur die Waarnemende Adjunkregterpresident se aandag te rig op verskeie hofuitsprake wat verwys het na die gedrag van Georgiou in litigasie tot dusver.

Eerstens word daar verwys na ‘n uitspraak gelewer deur Regter Ismail op 16 Maart 2017 in die Hooggeregshof van Johannesburg. Daar was vermeld dat die gedrag deur Georgiou ‘n slimmigheid was wat gely het tot ‘n misbruik van die proses en dat die gedrag ontwerp was om beleggers te ontneem van hulle regte om voort te gaan met enige aksie wat hulle sou wou instel.

Tweedens is daar verwys na ‘n uitspraak gelewer deur Regter Spilg op 1 September 2016 in die Hooggeregshof van Johannesburg. Die regter het bepaal dat die kwessies, gelig deur Georgiou, simptomaties is van ‘n Stalin verdediging waar onbelangrike kwessies op appèl geneem is met die doel om die aangeleentheid te vertraag en om kostes te laat ophoop vir die leke litigante wie se sakke nie so diep is nie. Die regter het ook bepaal dat dit ‘n klassieke geval was van ‘n party wat wawiele doen om sodoende die meriete, dat die saak op ‘n spoedige wyse aangehoor moet word, te belemmer.

Die derde uitspraak waarna die brief verwys is ‘n uitspraak gelewer deur Regter Murphy op 7 April 2017 in die Hooggeregshof van Pretoria. In die saak was daar bepaal dat die Applikante met Georgiou saamgesweer het in ‘n manier wat slegs as ‘n misbruik van die proses beskryf kan word. Regter Murphy het verder bepaal dat die Applikante se gedrag die mense, wat die litigasie befonds het en in wie se belang die saak gebring is, onbehoorlik benadeel het. Hul gedrag was georkestreer deur die persone teen wie die klas-aksie gemik is (Georgiou en ander Respondente).

Die voorlaaste punt wat die brief bespreek is die vertragings wat in hierdie spesifieke aangeleentheid ervaar word. Daar word weer verwys na die Reël 35(12) waardeur sekere Respondente dokumente aangevra het wat maklik bekombaar is of reeds in hul besit was. Daar word ook verwys daarna dat daar nog nie opponerende eedsverklarings geliasseer is nie ten spyte van die feit dat die aansoek alreeds op 12 Desember 2019 uitgereik is. Dit is heeltemal in lyn met die vertragingstaktieke wat tot dusver deur die Respondente ingespan is. Om die aangeleentheid op die ongeopponeerde rol te plaas sal nie ‘n oplossings bied nie aangesien die Respondente sonder twyfel dan hul opponerende eedsverklarings sal terughou tot net voor die saak aangehoor word. Nog tyd sal dan gemors wees.

Die laaste punt wat die brief maak om die waarnemende Adjunkregterpresident te oortuig om vir hierdie aangeleentheid ‘n saakbestuurder aan te wys is die bykomende oorwegings. Hierdie bykomende oorwegings sluit in dat dit reiskostes sal bespaar aangesien die HSAG se regspan en advokatuur in die Wes-Kaap werkend is en die aangeleenthede in Pretoria aangehoor word en ‘n saakbestuurder sal die gebruik van video-konferensies kan promoveer. Daar word ook genoem dat die meerderheid van beleggers bejaarde pensionarisse is en dat verdere vertragings in die litigasie is vir hulle

bitter ongerieflik sal wees en nie in die belang van geregtigheid sal wees nie. Daar word ook genoem dat die aansoek bestaan uit 515 bladsye.

* Nie alleen die regspan van die HSAG tree ook op in die CCAF Versnelde Aansoek nie, maar is die oorgrote meerderheid van Applikante in die gesertifiseerde klas-aksie ook lede van die HSAG. Ons deel gevolglik graag CCAF sake op hierdie forum!

COVID-19

Die Covid-19 pandemie het glad nie die klas-aksie ontspoor nie, maar slegs tydelik die proses vertraag, hoofsaaklik omdat die howe nie in normale werking is nie. Gewone hofsake (waarby ingesluit klas-aksies) word nie deur die regbank beskou as dringend of noodsaaklike sake gedurende hierdie ongekende tye nie maar dra ons iedere en elke belegger se belange op die hart.

Nieteenstaande die Covid-19 aanslag en vertragings wat die afgelope paar maande ervaar is nie, is die regspan gereed en besig om op volle stoom te kom om sodra die howe weer volskaals in werking is, voort te gaan met die regsake.

Die HSAG Bestuur wil sy lede hartlik bedank vir die volgehoue ondersteuning die afgelope tyd en is dit werklik ’n voorreg om vir ’n groep mense van hierdie kaliber op te tree.

2. **<u>JAARLIKSE OPVRAGING – 2020</u>**

Die oorgrote meerderheid lede verkies om jaarliks hul bydraes te maak en was daar die afgelope jare gepoog om gedurende Februarie / Maart ’n eenmalige gewone jaarlikse opvraging te maak. Weens Covid-19 en ander praktiese oorwegings was dit nie moontlik nie en was daar in die Mei en Junie 2020 nuusbriewe melding gemaak van die opvraging wat nou gedoen is. Sommige lede het navraag gedoen omdat hulle die vorige nuusbriewe gemis het. Hieronder volg ‘n plasing daarvan soos verskyn in die nuusbriewe:

<u>Hierdie afdeling is nie van toepassing op die CCAF of HSAG lede wie reeds hul opvragings betaal het nie.</u>

Die kostes verbonde aan litigasie is enorm, en alhoewel die ekonomie tans tot feitlike stilstand gebring is, moet die HSAG regspan en advokatuur steeds hul onverwylde aandag gee aan beleggers se saak/e.

Buiten vir die spesiale voorverhoorheffing betaalbaar deur lede met beleggings in HS 21 en 22, het die HSAG 17 maande laas ’n opvraging gedoen en was daar intussen ’n lywige afgeleide klas-aksie vir beleggers in HS 15-18 uitgereik.

Verder, is Orthotouch en Zephan in sakeredding geplaas en moet die HSAG regspan van kundige advies gebruik maak ten einde die proses te monitor en deel te neem ten einde lede se belange te beskerm. Beleggers is reeds in die verlede in ’n blik gedruk deur die HS sakeredding en gevolglike Art 155 Reëlingskema, en is die regspan bedag daarop dat beleggers in ’n strik kan trap wanneer hul stem ten gunste van sodanige planne en skemas, en gevolglik afstand doen van hul eise.

Die HSAG Bestuur neem dus die nodige stappe om ’n herhaling van geskiedenis te voorkom. Dit behels onder andere ’n deeglike ondersoek na die sakereddingsplanne vir Zephan en Orthotouch, en die oorweging van talle moontlike stappe wat geneem kan word ten einde beleggers se belange te beskerm.

In lig van bogenoemde, is dit nodig om ’n opvraging in 2020 teen lede se state, soos hierby aangeheg, te hef.

Vir die jaar 2020 was die heffing soos gewoonlik geskeduleer vir FEBRUARIE 2020 (soos u weet het daar per abuis heffings deurgegaan aan verskeie lede) maar dit was vanjaar teruggehou tot ‘n latere stadium. Een van die redes hiervoor was dat daar op daardie stadium ook ’n behoefte was om te voldoen aan die vereistes soos neergelê in die HS 21 & 22 hofbevel en gevolglik duidelikheid te kry oor watter lede opbetaal was teen 31 Januarie en verligting aan daardie lede te gee. Die heffing is dus eers in Julie 2020 gelaai. Daar was voor hierdie 2020 heffing laas ’n jaarlikse heffing in Februarie 2019 (17 Maande gelede).

Die regspan, in oorlegpleging met die HSAG Bestuur, sal binne die volgende paar maande koppe bymekaar sit ten ’n besluit te neem rakende enige versoeke vir bydraes vir 2021 en hoe die getroue HSAG-lede weer in ag geneem kan word.

U sal dus merk dat op 3 Julie 2020 ‘n bedrag van R2 000 op u staat gelaai is (met die datum 2/2/20). Dit is nie nodig om u te bekommer oor die feit dat die state toon dat betalings 120 dae “agterstallig” sou wees nie. Dit is bloot die rekenaarprogram wat, toe die state uitgestuur moes word, outomaties begin het om die dae te tel. Die HSAG-bestuur is weldeeglik bewus van voormelde en sal geen lid as gevolg daarvan benadeel word nie. Die R2 000 opvraging vir 2020 is betaalbaar deur:

1. Alle HSAG-lede met beleggings is HS15-22.

2. Alle lede aan wie daar kwytskelding toegestaan was sedert die ontstaan van die klas-aksie.

3. Alle opbetaalde HS 21 & 22 lede wat wil deel bly van die HSAG (wat outomaties deel uitmaak van die gesertifiseerde klas-aksie en dus outomatiese CCAF lede is). U moet daarop let dat HS 21 & 22, as ’n ekstra veiligheidsmeganisme en in die lig van die Orthotouch en Zephan mislukkings, ook deel vorm van die Artikel 165 Klas-aksies.

Enige navrae deur HSAG lede sal op ’n *ad hoc* basis hanteer word. Die 2020 opvraging is nie van toepassing op die volgende persone nie (hulle is egter ongelukkig ook nie sondermeer geregtig op die voordele van die HSAG nie):

1. HS 21 & 22 HSAG lede (wat nie volop betaal was voor 31 Januarie 2020 nie) en wat die kortpad roete van betaling geneem het en die “opt-in” opsie gekies het.

2. Nie-HSAG lede wat aangesluit het deur middel van die “opt-in” opsie. Hierdie twee groepe beleggers vorm die CCAF.

Die HSAG werk nie op ’n finansiële boekjaar soos by besighede nie en word opvragings binne ’n kalender jaar gedoen. Die meerderheid van lede betaal binne 2 tot 3 maande en sal dit waardeer word indien dit steeds die geval kan wees en dat die 2020 heffing gevolglik so spoedig moontlik op datum gebring sal word.

3. HOE VERSKIL HSAG LEDE VAN CCAF LITIGANTE

3.1 Volopbetaalde Hoëveld Sindikasie beleggers, teen 31 Januarie 2020, wat HSAG aansoekvorms geteken het met beleggings in enige van die HS 21 &22 sindikasies vorm, sonder enige verdere betalings deel van die versnelde gesertifiseerde klas-aksie (“CCAF”) teen Mnr. Nic Georgiou, sy trust en Zephan. Die HS beleggers se gelde word hier kontraktueel van hierdie partye geëis.

3.2 Opbetaalde HSAG lede is die lojale persone wat jaarliks (of soos wanneer nodig) ‘n trustopvraging vir regs- en/of admin koste betaal en tot dusver verseker het dat die aksies teen Mnr. Georgiou en ander voortgaan.

3.3 HSAG lede ontvang maandelikse nuusbriewe, sms’e en/of Whatsapps en rekeningstate per epos.

3.4 HSAG lede (met beleggings in HS 21& 22) wat volop betaal was teen 31 Januarie 2020 vorm in terme van ’n Hofbevel outomaties deel van die gesertifiseerde HS 21 & 22 saak en hoef nie die aanlyn CCAF “Opt-In” aansoekvorms te voltooi of enige registrasie stappe te neem nie.

3.5 Die onus rus egter altyd op die HSAG lede self om hul maandelikse state noukeurig deur te gaan en seker te maak dat hulle inderdaad opbetaal was.

3.6 HSAG lede het ander voordele deurdat hulle (outomaties) ingesluit was in al die ander sake wat die HSAG gedryf het, die nuwe HS15-22 Artikel 165- saak (2019) en die HS 21 & 22 gesertifiseerde klas-aksie (soos hierbo vermeld).

3.7 HSAG lede kry eerstehands en deurlopend inligting en toegang tot ander aangeleenthede byvoorbeeld die Besigheidsreddingsaangeleenthede van Orthotouch en Zephan.

3.8 HSAG lede het toegang tot die toegeweide HSAG PR / skakelbeamptes asook HSAG Bestuurslede.

3.9 HSAG lede trek voordeel uit die poel van letterlik duisende beleggers wat kragte saamspan om die teenkant in die klas-aksies aan te vat. Indien dit nie vir hierdie lede was nie, sou die klas-aksie nie kon voortgaan nie.

3.10 Die HSAG lede word verteenwoordig deur prokureurs en advokatuur wat reeds sedert die begin, in 2014, by die HSAG klas-aksie betrokke is en ook deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika geskik verklaar om die klas-aksie namens duisende beleggers te dryf.

3.11 HSAG lede wat opbetaal is, sal deel vorm van enige skikkingsonderhandelinge wat met die teenkant gevoer mag word en sal die HSAG Bestuur poog om hul eise te skik.

3.12 Die HSAG volg die litigasie roete deur die howe waar daar nie bloot lukraak kontrakte met Georgiou (of sy agente soos Hancke) geteken word, wat dit dan bloot later met allerlei verskonings nie eerbiedig word nie. Hofbevele verjaar nie maklik nie en is vir 30 jaar van krag. Dit word deur middel van die Balju van die Hooggeregshof uitgevoer en kan die partye teen wie dit gegee word nie agter ander persone skuil nie.

3.13 Die Artikel 165 afgeleide (HS15 – 22) aansoek is teen meer Respondente wat dus die net wyer span indien kapitaal ingevorder moet word.

3.14 Die HSAG se Artikel 165 (HS15 – 22) aansoek sal heelwaarskynlik dieselfde prosedures moet volg as die CCAF aansoek. Om deel te wees van die klas-aksie, nadat dit gesertifiseer is, sal lede dus soos voorheen moet “opt-In”, alternatiewelik sal hulle volopbetaalde HSAG lede moet wees. Ons vermoed dat om opbetaal te bly uiteindelik veel goedkoper is as die registrasiefooi wat benodig sal word om te “opt-in”. Dit is ook vir HSAG lede makliker om om elke jaar te begroot om ‘n bydrae te lewer as om ‘n groot eenmalige bedrag te betaal.

3.15 Die HSAG vangnet span wyd, Indien die HSAG lede se gelde byvoorbeeld nie verhaal kan word uit die CCAF Respondente sal die HSAG voortgaan teen al die ander Respondente in die Art 165 aansoek om die meeste moontlike skades te delg en te verseker dat reg en geregtigheid geskied.

4. KWYTSKELDING EN GEBEURLIKHEID

Die HSAG-bestuur het besluit om geen kwytskelding toe te staan vir 2020 nie. Die rede hiervoor is dat daar lede is wat sedert hul registrasiekoste kwytgeskeld is en geen verdere bydraes gemaak het nie. Die HSAG doen opvragings soos wat die fondse nodig word en is daar die afgelope jaar aansienlike kostes aangegaan om die Artikel 165 (HS 15 – 20) afgeleide aksie uit te reik en die HS 21 & 22 sertifiserings aansoek te behartig. Daar word egter voorspel dat daar weer in 2021 kwytskelding sal wees. Die beleggingswaarde wat vir kwytskelding sal kwalifiseer sal ook moontlik hoër wees as die historiese waardes. Daar word benadruk dat kwytskelding slegs toegestaan sal word op vooraf skriftelike versoek en dat die HSAG-bestuur volle diskresie het rakende goedkeuring daarvan al dan nie.

Ons benadruk ook dat die HSAG-regspan nie op gebeurlikheid werk nie. Hierdie tipe versoeke kan dus nie toegestaan word nie. Billike skriftelike reëlings vir afbetalings kan met die HSAG-bestuur aangegaan word, mits dit absoluut getrou nagekom word, indien eenmalige betalings van die jaarlikse opvraging geensins moontlik is nie. Lede word egter versoek om, sover moontlik, die volle bedrag eenmalig te betaal, omdat afbetalings die administrasie en koste van die saak aansienlik verhoog.

Gebeurlikheidsooreenkomste is onderhewig aan die Wet op Gebeurlikheid wat vereistes daarstel wat nie die befondsingsmodel van die HSAG, wat reeds deur die Hof goedgekeur is, vir litigasie van hierdie aard, ondersteun nie. Die duisende HSAG lede betaal verder ’n

fraksie van wat enkele individue moet betaal. In ‘n geval van gebeurlikheid moet kostes ook terugbetaal word aan die regsverteenwoordiger indien die kliënt vroegtydig onttrek. Dit is dus geensins prakties moontlik of haalbaar nie.

5. ONLANGS IN DIE MEDIA: ORTHOTOUCH, ZEPHAN SE BESIGHEIDSREDDINGS-PLANNE MISLUK DAARIN OM TE VERDUIDELIK WAT VERKEERD GEGAAN HET

’n Finansiële joernalis van Moneyweb het onlangs dié artikel gepubliseer. Soos in vorige nuusbriewe gaan ons voort om ’n vertaalde en verkorte weergawe van die artikel te gee, maar ons wil u graag uitnooi om die amptelike artikel in Engels te lees op die Moneyweb webtuiste. ‘n Skakel na die oorspronklike artikel volg onder hierdie vertaalde weergawe.

Die sakereddingsprosesse van Orthotouch en Zephan bied 'n moeilike keuse vir die 18 700 beleggers wat bykans R5 miljard van hul spaargeld in die mislukte Highveld Syndication (HS) -beleggings belê het.

Indien die beleggers vir die finale skikkingsvoorstel (dus vir die besigheidsreddingsplan) stem, sal hulle 'n paar sent in die rand ontvang en die hele sage van die afgelope nege jaar agter hulle kan plaas. Hulle sal egter nooit weet of enige onbehoorlike optrede bygedra het tot die ineenstorting van Orthotouch en Zephan nie, aangesien hulle hul eise aan 'n onbekende derde party sal sedeer.

Alternatiewelik, as hulle teen die plan stem en Orthotouch en Zephan gaan in likwidasie, kan dit moontlik 'n Artikel 417-ondersoek tot gevolg hê. Dit sal die gebeure ondersoek wat gelei het tot die mislukking van die maatskappye. Indien die ondersoek aan die lig bring dat enige ongerymdhede plaasgevind het, kan dit lei tot die ondersoek en vervolging van diegene wat verantwoordelik is. Dit sal ook moontlik die verkoop van hul bates tot gevolg hê om beleggers terug te betaal. Hierdie proses kan egter etlike jare duur.

Desnieteenstaande, indien die Artikel 417-ondersoek geen ongerymdhede onthul nie, sal beleggers minder ontvang as wat die finale besigheidsreddingsplan aanbied. Dit sal ook jare neem om uit te betaal.

Die keuse wat beleggers dus het is om nou ‘n paar sent in die rand te aanvaar of om teen die plan te stem en ‘n proses te tot stand te laat kom wat moontlik sal vasstel of daar ongerymdhede was of nie.

Besigheidsreddingsplanne

In hierdie konteks is die Orthotouch en Zephan besigheidsreddingsplanne baie belangrik. (Die planne is eenders en sal voortaan na verwys word as die Du Toit plan, aangesien hulle opgestel is deur die Besigheidreddingspraktisyn (“BRP”) Jacques du Toit.)

Die Maatskappywet bepaal in Artikel 150(2) dat ‘n ondernemingsreddingsplan al die inligting moet bevat wat redelikerwys benodig word om geaffekteerde persone te help besluit of hulle die plan moet aanvaar of verwerp.

Daarom sou dit redelik wees vir beleggers om te verwag dat hulle 'n omvattende en deursigtige oorsig sou ontvang rakende die redes waarom Orthotouch en Zephan finansiële probleme ervaar het en nie beleggers kan terugbetaal soos beoog nie.

Die plan behoort 'n gedetailleerde finansiële verslag te bied van wat verkeerd geloop het.

Ongelukkig misluk Du Toit se plan daarin.

Dit bied baie min finansiële inligting om die beleggers van insig te voorsien rakende die redes waarom die maatskappye misluk het na die implementering van die HS-besigheidsreddingsplan en die daaropvolgende Artikel 155 Reëlingskema.

Dit is noodsaaklik om die mandaat te bepaal wat Du Toit gehad het in terme van sy ondersoek.

Die mandaat begin by die implementering van die HS besigheidsreddingsplan

Orthotouch het op 14 Desember 2011 die middelpunt geword van die reddingspogings van die mislukte HS-ondernemings toe beleggers die HS-besigheidsreddingsplan ,wat Hans Klopper voorgestel het, oorweldigend goedgekeur het.

Die positiewe reaksie van die beleggers was nie sonder goeie rede nie.

Die grootste trekpleister was Nic Georgiou. Hy was destyds 'n multi-miljoenêr eiendomsmagnaat uit Bloemfontein en was wyd beskou as een van Suid-Afrika se voorste eiendoms deskundiges. Hy is gesien as die ridder op die wit perd met die finansiële hulpbronne, kundigheid en die vermoë om die ambisieuse plan uit te voer en beleggers terug te betaal.

Daarom is daar met Klopper se plan se goedkeuring 'n lyn getrek onder die historiese (oor)waardasies van eiendomme, twyfelagtige verkoopstransaksies waarby verskeie entiteite soos Bosman & Visser betrokke was, en die kommissies betaal aan finansiële adviseurs.

Orthotouch het 'n skoon leisteen verteenwoordig waaruit beleggers ingevolge die nuwe besigheidsreddingsplan terugbetaal sou word. Dit is waar Du Toit se ondersoek moes begin het.

Ponzi Skema

Dit is daarom eienaardig dat Du Toit dit nodig geag het om die gebeure, wat gelei het tot die HS-besigheidsreddingsproses, in detail te hersien. Dit was immers Klopper se verantwoordelikheid, wat hy nie nagekom het nie, om hierdie verwikkelinge na te gaan en alle geagte onreëlmatighede aan te meld.

In hierdie konteks lewer Du Toit die eienaardige uitspraak in paragraaf 66.6 van die plan: “The only conclusion I can draw from the above [sy weergawe van gebeure wat gelei het tot die mislukking van die HS-ondernemings] is the fact that some of the investors’ money was used to repay interest to investors up to such time that no new investors could be obtained to make payments.”

Hierdie is ‘n klassieke beskrywing van ‘n bedrieglike Ponzi (piramiede) skema en moet gerapporteer word aan owerhede om ondersoek te word.

Apart daarvan dat hy dit nie gerapporteer het nie, verdedig Du Toit die feit dat Klopper dit nie gedoen het nie twee paragrawe later: “My conclusion is that Hans Klopper only had 43 days to present a Business Rescue Plan to creditors. It was envisaged in terms of the Klopper BR Plan that the HS Investors would be paid in full as was the case in HS Companies 1 to 14. As a result, no further investigations were necessary and were as such conducted by Hans Klopper insofar as the actions of the directors of the HS Companies were concerned.”

Soos sake blyk, is beleggers nie ten volle betaal nie.

Du Toit se verantwoordelikheid

Du Toit se hoof verantwoordelikheid as BRP van Orthotouch en Zephan moet sekerlik wees om die gebeure te ondersoek wat gely het tot die mislukking van Orthotouch en Zephan na die implementering van die besigheidsreddingsplan op 14 Desember 2011.

Klopper se 2011 reddingsplan het beloof dat eiendom, gewaardeer teen R2.6 Miljard (asook eiendom gewaardeer teen R1.5 Miljard van Georgiou), oorgedra sou word aan Orthotouch. Nie net was hierdie eiendomme nie oorgedra nie, maar is dit ook verkoop in ‘n flits verkoping. Vandag, byna nege jaar later, wys Du Toit se plan dat die oorblywende eiendomme in die portefeulje se waarde R327 miljoen beloop. Hierdie bates sluit ‘n eis in teen die Delta Property Fund van R165 miljoen, dit beteken dat die werklike oorblywende eiendomme se waarde slegs R162 miljoen is.

Die enigste insette met betrekking tot hoe die waarde van die eiendomme gedaal het, kom voor in ‘n tabel in paragraaf 6.71. Dit toon dat Orthotouch verliese van R127.6 miljoen gely het met betrekking tot die “verkoop van eiendomme”.

Die R127.6 miljoen verlies is nie gerekonsilieer of gesegmenteer in enige wyse nie.

Dit blyk dat die enigste “beduidende” ondersoek, wat Du Toit onderneem het, was om ‘n alternatiewe verduideliking aan te bied tot die bevindinge van Moneyweb (wat gebaseer is op amptelike titelaktes van die eiendomme), wat bevind het dat Orthotouch verliese van om-en-by R782 miljoen gely het as gevolg van die verkoop van 16 eiendomme in rug-aan-rug transaksies via Orthotouch aan Accelerate.

Du Toit het Moneyweb se ondersoek geëtiketteer as ‘n “desktop investigation” en het gesê dat sy analise geen onbehoorlikhede gevind het nie. Hy het dit aan die lig gebring dat die oordragsprokureurs die verkoopspryse verkeerd geliasseer het, wat ‘n valse sin van onbehoorlikheid geskep het.

Du Toit se ondersoek word opgesom in Aanhangsel 5 en Aanhangsel 6 van die plan, maar dis vreemd dat dit nie ‘n behoorlike rekonsiliasie insluit wat verduidelik hoe die R127.6 miljoen verlies plaasgevind het nie.

Dit bied ook nie enige inligting rakende hoe die winste uit die eiendomme gebruik is nie. Dit is belangrik aangesien van die eiendomme se verbande af betaal is met hierdie winste.

Du Toit het ook aan Moneyweb bevestig dat hy nie die verkoop van 15 eiendomme deur entiteite verwant aan Georgiou via Orthotouch aan Delta Property Fund ondersoek het nie. Hierdie verkoopstransaksies het tot ‘n R314 miljoen verlies vir Orthotouch gely. Sy plan verwys glad nie na enige van hierdie transaksies nie.

Operasionele prestasie

Du Toit se plan gee ook geen betekenisvolle inligting rakende die operasionele prestasies van Orthotouch en Zephan nie. Die enigste insigte rakende operasionele prestasie kom voor in tabel 6.71, wat verwys na die kontantvloei van die eiendomme.

Proposed Business Rescue Plan **31 March 2020**

Orthotouch (Pty) Ltd and Zephan (Pty) Ltd			
Information			
Detail		**At BRP**	
BRP			
Orthotouch Liability as at HS Companies Business Rescue	1	R -4,754,900,000.00	
Property Value	2	R 2,598,013,768.00	
Default Value		R -2,156,886,232.00	
Current			
Orthotouch Liability as at HS Companies Business Rescue	3	R -3,922,041,832.00	
Property value and claims	4	R 327,000,000.00	
		R -3,595,041,832.00	
Investors Settled	5	R -832,858,168.00	
Running Expenses	6	R -420,000,000.00	
Loss on sale of property	7	R -127,579,599.00	
Interest paid	8	R -1,214,522,709.00	
Notes:			
Nr1 - As per BRP at December 2011			
Nr2 - As per BRP valuation at December 2011 clearly indicating the liability against the value available			
Nr3 - Option 1 investors remaining. Investors to the value of R565,608,572 accepted the APF offer from Third Party.			
Nr4 - As per schedule attached here to as Annexure 7.2			
Nr5 - Investors settled, including option 2 and 3 investors as per SOA.			
Nr6 - Legal costs, Office rentals, Salaries, Consulting fees, Computer Expenses, Netrofile, Insurance, Printing and Stationery, travelling expenses, telephone costs			
Nr7 - Difference between property value at start of BRP and actual selling price as per schedule			
Nr8 - Interest paid since March 2011 till September 2018			

Die tabel toon lopende uitgawes van ‘n presiese bedrag van R420 miljoen. Hierdie uitgawes bevat klaarblyklik regskostes, salarisse, konsultasie fooie en ander administratiewe kostes.

Ongelukkig is hierdie inligting nie in enige detail gesegmenteer nie. (Dit sou byvoorbeeld van kritieke belang wees om te sien hoeveel Orthotouch spandeer het om meer as 20 hofsake te beveg, en aan wie dit betaal is.)

Die bron van die inligting in die tabel word ook nie blootgelê nie. Dit is kommerwekkend aangesien Du Toit verklaar dat Zephan laas in 2009 geouditeerde state gepubliseer het, en Orthotouch laas in 2015.

Dit is van kritiese belang dat Du Toit se plan inligting weglaat rakende Orthotouch en Zephan se huurinkomste, eiendomsverwante uitgawes en operasionele kontantvloei.

Dit is beduidend aangesien die eiendomsportefeulje, met Georgiou aan die stuur, 'n beduidende huurinkomste kon oplewer. As daar byvoorbeeld aanvaar word dat die eiendomme van R2,6 miljard, wat na Orthotouch oorgedra sou word, teen 'n opbrengs van 8% bestuur is, moes Orthotouch huurinkomste van meer as R200 miljoen per jaar ontvang het.

Hierdie weglating is ook verdag aangesien dit voorkom dat Du Toit toegang gehad het tot sulke inligting. In ‘n brief wat Du Toit aan die krediteure gestuur het, na die publikasie van die besigheidsreddingsplan, onthul hy nog ‘n bedrag wat betrekking het tot oënskynlike handelsverliese van R567 miljoen wat gely is, bykomend tot die R420 miljoen.

In die brief meld Du Toit dat hierdie verliese betrekking het op alle huurinkomste en uitgawes wat verband hou met eiendom.

Die minste wat die Orthotouch en Zephan besigheidsreddingsplanne moes bereik, was om voormalige HS-beleggers van geouditeerde, deursigtige en gedetailleerde boekhouding te voorsien van elke rand en sent wat die twee ondernemings verdien en bestee het.

Dit kan ook van kritiese belang wees in die konteks dat die oorgrote meerderheid van die eiendomme voor 2015 aan derde partye verkoop is. Daar kan dus afgelei word dat Orthotouch en Zephan vyf jaar gelede in ernstige finansiële moeilikheid was, dit mag dus daarop dui dat ‘n besigheidsredding of likwidasie proses baie vroeër ingestel moes word.

Suksesfooi

Met die voordeel van nadenke is dit ook moontlik dat die besigheidsreddingsproses moontlik nie die ideale struktuur was om uit te vind wat met beleggers se geld gebeur het nie.

Die vergoedingstruktuur wat in die reddingsplanne geopenbaar is, spoor Du Toit grootliks aan om die besigheidsreddingsplanne goedgekeur te kry. Du Toit sal 'n “suksesfooi” van 2,5% van die finale skikkingsbedrae ontvang indien krediteure die plan goedkeur. Hierdie bedrag kan meer as R5 miljoen beloop. Dit is benewens die bedrag van R2 000 per uur tot 'n maksimum van R25 000 per dag wat hy al verdien het sedert hy op 14 November 2019 die BRP geword het.

Alhoewel suksesfooie wettig is en gereeld aangebied word tydens besigheidsreddingsverrigtinge, bly dit 'n gebrekkige stelsel omdat dit duidelik nie 'n onpartydige besluit, om moontlike onreëlmatighede te ondersoek, aanspoor nie, aangesien dit die BRP se vergoeding kan beïnvloed.

Moeilike besluit

Op grond van die beperkte inligting in die besigheidsreddingsplanne, is dit te betwyfel of dit 'n belegger of ‘n ander belanghebbende in staat stel om Du Toit se gevolgtrekking te bevestig dat daar geen ongerymdhede was in verband met die verkoop van eiendomme of op operasionele vlak nie.

Dit mag ook debatteerbaar wees of Du Toit tot hierdie gevolgtrekking sou kon kom aangesien daar geen opgedateerde geouditeerde finansiële state van Zephan en Orthotouch was nie.

Beleggers staan dus voor ‘n moeilike besluit: of hulle stem vir die plan en ontvang ‘n paar sent in die rand as ‘n finale skikking, óf hulle stem teen die plan wat moontlik ‘n Artikel 417 ondersoek tot gevolg sal hê wat sal bepaal of daar enige onreëlmatighede was.

Die laasgenoemde opsie sal waarskynlik beteken dat hulle dalk vir baie jare geen finale betaling, indien enige, sal ontvang nie.

Hierdie is ’n vertaalde en verkorte weergawe van die oorspronklike artikel, en die akkuraatheid van die vertaling word nie gewaarborg nie. Die oorspronklike artikel is geskryf deur Ryk van Niekerk, die besturende redakteur van Moneyweb. Hierdie

artikel is gepubliseer op 17 Junie 2020 en die amptelike weergawe is beskikbaar by:
https://www.moneyweb.co.za/in-depth/investigations/orthotouch-zephan-rescue-plans-fail-to-reveal-what-went-wrong/

6. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasienommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van ’n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van ’n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.**com vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien ’n belegger of enige persoon ’n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

7. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete
HSAG-Bestuurskomitee
Kontak die HSAG en prokureurs by:
Tel: (021) 887 7877
hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: JULY 2020

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group ("HSAG") on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER –CONTENTS

1. THE WHEELS ARE TURNING: APPLICATION FOR TWO CASE MANAGERS

The HSAG legal team (which is the same legal team bringing the CCAF Fast Track application) took the first possible opportunity, to add their voice to the HSAG members who asked why their matters were not considered urgent by the South African legal system. Unfortunately, the whole world is experiencing unprecedented times and the South African legal system is no exception. The courts decided to hear only extremely urgent matters during the lockdown period but gradually began to provide for alternative ways of hearing cases and began to implement video conferencing in certain cases.

Although the HSAG does not have any direct influence on which matters are considered urgent by the judiciary (and civil claims for capital amounts traditionally do not fall into this category), two strongly worded letters were written to the Acting Deputy Judge President of the High Court in Pretoria wherein a case manager was requested for both the HS 21 and 22 Fast Track application as well as the Section 165 Application (Derivative action) for certification of, inter alia, the HS15-20 cases.

The respondents (Mr Nic Georgiou, assisted by Mr Hans Klopper and others) are central in both HSAG matters and have so far done everything in their power to try to thwart matters as far as possible.

The HSAG has learned from experience that applying for a case manager will undoubtedly pay off. A case manager is a Judge of the High Court and ensures that neither party abuses the court process and establishes a timetable that both parties must comply with. It obliges both parties to adhere to the court days without having to make further applications to compel parties to do same, which may take several months. In the Fast Track application, a case manager was of great value.

The HSAG has already obtained a case management meeting for the HS 21 & 22 class application, which will be held via video conference on 12 August 2020. This meeting will take place between the various legal representatives before the Honourable Acting Deputy Judge President Potterill. Following this meeting, Judge Potterill will decide whether a case manager will be assigned to this matter and which procedures should be followed. The legal team is excited and positive about the meeting, but realises that court rolls have been overwhelmed with similar requests during these uncertain times.

The HSAG legal team also wrote a letter in the Section 165 Application (Derivative action) to the Acting Deputy Judge President requesting that a case manager also be appointed for this matter. We are awaiting prompt feedback.

The letters are repeated hereunder for your perusal as it sets out the salient features and facts of both matters.

LETTER SENT TO THE ACTING DEPUTY JUDGE PRESIDENT WITH REGARDS TO THE HS 21 & 22 ("CCAF") MATTER:

RE: REQUEST FOR CASE MANAGEMENT
MATTER: WAXHAM A.O. VS GEORGIOU AND FOUR OTHERS (CASE NUMBER 9272/20 GP ("*THE APPLICATION*")

1. We refer to the above matter.

2. We hereby respectfully request that the above class application be placed under case management in terms chapter 6.4 of the Practice Manual.

3. We act for the five (nominal) Applicants and for the class of investors involved. The application was issued on 7 February 2020 pursuant to an order by the honourable Mrs Justice Tolmay of 10 December 2019, in terms of which she issued a certificate allowing the Applicants to commence such class litigation.

4. No opposing affidavit has even been filed yet, which is in keeping with the history of delaying tactics deployed by the same Respondents in related litigation against them, as set out later below.

5. The reason for the request are as follows:

   a) The complexity of the matter;

   b) The expected duration thereof;

   c) The anticipation of interlocutory disputes;

   d) The delaying tactics deployed – and even abuse of the process – thus far by some Respondents in the class action litigation until now *and* in the related litigation involving the same Respondents.

A. Complexity of matter and background of litigation (reflecting various delaying tactics):

